STRAWWE VIR OORTREDINGS IN GREY KOSHUISE

NO	KATEGORIE: VLAK 1 OORTREDINGS	STRAFMAATREËL
1	Ligte aan na *lights out* (L)	Verbeur selfoon vir 48 uur
2	Musiek in kamer te hard	Verbeur selfoon vir 48 uur
3	Skoene vuil by ontbyt	Verbeur selfoon vir 48 uur
4	Nie geskeer by ontbyt	Verbeur selfoon vir 48 uur
5	Speel en lawaai in gange	Verbeur selfoon vir 48 uur
6	Kamerdeur toe tydens studie	Verbeur selfoon vir 48 uur
7	. Rondloop in koshuis na ligte uit	Verbeur selfoon vir 48 uur
8	Gesels tydens studie	Verbeur selfoon vir 48 uur
9	Vloek/afstootlike taal	Verbeur selfoon vir 48 uur
10	Nie op plek tydens studie nie	Verbeur selfoon vir 48 uur
11	Balspel in koshuis	Verbeur selfoon vir 48 uur
12	Laat opstaan	Verbeur selfoon vir 48 uur
13	Laat vir studie	Verbeur selfoon vir 48 uur
14	Selfoon nie afgeskakel en in kas tydens studie nie	Verbeur selfoon vir 48 uur

15	Kamer slordig	Verbeur 1 naweek uit
16	Gebruik van selfoon tydens studietyd	Verbeur selfoon vir 1 week
17	Etes mis sonder toestemming	Verbeur 1 naweek uit
18	Nie uit-teken nie	Verbeur stads-verlof vir 1 week
19	Verkeerde kleredrag	Verbeur 1 naweek uit
20	Onwettige gebruik van elektriese toerusting	R50-00 boete en item word gekonfiskeer tot einde van die betrokke kwartaal
21	Sonder onderwyser se toestemming in ’n ander koshuis wees	Verbeur 2 naweke uit
22	Verkeerde selfoon ingee	Verdubbel die straf
23	Misbruik van voertuie op skoolterrein	Verbeur sleutels vir 2 weke
24	Bestuur van voertuie sonder bestuurslisensie	Voertuig deur sekuriteit geskut tot wettige eienaar voertuig kom verwyder.
25	Sonder toestemming ‘n ander dorm as jou eie betree wanneer niemand teenwoordig is.	Verbeur selfoon vir 1 week

	KATEGORIE: VLAK 2 OORTREDINGS	**STRAFMAATREËL**
26	Besit, inbring of rook van enige tabakprodukte, insluitend *hookah* (hubbley) en e-sigarette, in koshuis, enige skoolgebou of op terrein	Verbeur 3 naweke uit Bywoning van 4 detensie sessies

27	Verlaat koshuis sonder toestemming maar steeds op terrein	Verbeur 1 naweek uit Bywoning van 4 detensie sessies
28	Verlaat koshuis en skoolterrein sonder toestemming	Verbeur 3 naweke uit Bywoning van 4 detensie sessies
29	Aanranding, boelie, teistering (fisies,kuber en verbaal)	Verbeur 2 naweke uit Bywoning van 8 detensie sessies
30	Vandalisme in koshuis of enige ander deel van skool of op terrein	Bywoning van 4 detensie sessies Betaal vir herstel van skade
31	Besit, inbring of gebruik van alkohol in koshuis, enige ander deel van skool of op die terrein asook buite die grense van die skoolterrein indien steeds onder die jurisdiksie van die koshuis.	Ondersoek en indien skuldig bevind, verbeur verblyfreg in koshuis
32	Diefstal of ongemagtigde “leen” van items	Ondersoek en indien skuldig bevind, verbeur verblyfreg in koshuis en/of kriminele vervolging
33	Disrespek/uitdaging van gesagsfigure	Verbeur 2 naweke uit Bywoning van 4 detensie sessies

	KATEGORIE: VLAK 3 OORTREDINGS	**STRAFMAATREËL**
34	Besit, inbring, verskaffing of gebruik van dwelms en steroïede in koshuis, enige ander deel van skool of op die terrein asook buite die grense van die skoolterrein indien steeds onder die jurisdiksie van die koshuis.	Ondersoek en indien skuldig bevind, verbeur verblyfreg in koshuis en/ of kriminele vervolging

35	Onvanpaste seksuele gedrag	Ondersoek en indien skuldig bevind, verbeur verblyfreg in koshuis en/of kriminele vervolging
36	Herhaaldelike (3x) oortreding van Vlak 2 oortredings	Ondersoek en indien skuldig bevind - verbeur verblyfreg in koshuis en/ of kriminele vervolging waar van toepassing

BELANGRIKE KENNISGEWING

Die oortredings ten opsigte waarvan verblyfreg in koshuise verbeur kan word, is ook vervat in die skool se Gedragsreëls. Dit beteken dat sulke oortredings terselfdertyd onder die skool se Gedragskode hanteer kan word met die oog op skorsing uit die koshuis sowel as die skool.

<u>Heraansoek vir toelating tot koshuise deur persone wat hul verblyfreg in koshuise verbeur het</u>

Geskorste persone kan na ’n tydperk van 12 maande weer aansoek doen vir toelating tot die koshuise.

Die applikant moet bewys kan lewer dat hy gedurende die 12-maande homself nie skuldig gemaak het aan enige relevante kategorie 2 of 3 tipe wangedrag nie.

Verwysings en getuigskrifte van instansies waar hy gedurende die tydperk van skorsing tuisgegaan het, asook aanbevelings van onderwysers kan gebruik word.

Dit staan die Skoolhoof en Huisvaders vry om ter enige tyd bogenoemde strawwe op te dateer en aan te pas.